

Die ontvanger as normerings- beginsel vir 'n lesergerigte vertaalteks

Eerste voorlegging: 13 Junie 2007

Aanvaarding: 6 Februarie 2009

Taalpraktisyns soos vertalers het in 'n mindere of meerdere mate norme nodig om hulle taalgebruik te rig. Die globale kommunikasienorm geld, naamlik dat sprekers/skrywers hul op so 'n wyse uitdruk dat dit wat hulle sê/skryf herkenbaar en interpreteerbaar vir hoorders/lesers is. Terselfdertyd behoort die boodskap van die werklike teks sover as moontlik ooreen te stem met die bedoelde betekenis daarvan vir die leser. Benewens hierdie algemene norm waardeur gemeenskapsvertalers hulself ook behoort te laat lei, bestaan daar eiesoortige norme waaraan hulle hul moet onderwerp ten einde die boodskap doeltreffend oor te dra. In hierdie artikel word enkele norme wat die gemeenskapsvertaler behoort na te kom aan die hand van verteenwoordigende (vertaalde) teksgedeeltes bespreek.

The receiver as a norming principle for a reader-oriented translation

Language practitioners such as translators need norms to a lesser or greater degree to guide their language use. The general communication norm applies, namely that speakers/writers need to express themselves in such a way that what they say/write is identifiable and that it can be interpreted by listeners/readers. At the same time it should coincide in the highest degree with how they want themselves to be understood. Apart from this general norm, which should also guide the community translator, there are specific norms that one should abide by in order to convey the message effectively. In this article specific norms are discussed that a community translator should adhere to. The norms are illustrated by representative (translated) text extracts.

Dr H M Lesch, Dept Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602; E-pos: HLesch@sun.ac.za



Acta Academica
2009 41(1): 144-163
ISSN 0587-2405
© UV/UFS

SUN MEDIA
BLOEMFONTEIN

Alle taalpraktisyns, insluitend die gewone taalgebruiker, het in 'n mindere of meerdere mate norme nodig om hulle taalgebruik te rig. Volgens Bartsch (1987: 212) behoort alle kommunikeerders (ook gemeenskapsvertalers) die globale kommunikasienorm na te kom, naamlik dat die spreker/skrywer hom op so 'n wyse uitdruk dat dit wat hy sê/skryf herkenbaar en interpreteerbaar vir die hoorder/leser is en die boodskap van die werklike teks sover as moontlik ooreenstem met die bedoelde betekenis daarvan. Die gemeenskapsvertaler moet hom egter ook aan spesifieke norme onderwerp ten einde sy boodskap doeltreffend oor te dra. Volgens Lesch (1999: 73-5; 90-6) word gemeenskapsvertaling omskryf as 'n vertaalteks waarin die behoeftes van die gemeenskap, naamlik die talig minder ingeligtes se taalbehoefes, tydens die vertaalaktiwiteit geprioritiseer word. Dit beteken dus dat die gemeenskapsvertaler bewus is van die magswanbalans in die samelewing en poog om dit talig te herstel deur die doeltteks (DT) toeganklik te maak vir die leser, eerder as om bloot 'n 'parallele' vertaling te gee.

Die probleem met die gemeenskapsvertaalpraktyk is dat dit weinig duidelik uitgespelde norme bevat. Die norme in hierdie praktyk is inkonsekwent en bestaan uit vaag omlynde, algemene en ongeskrewe riglyne wat inkonsekwente vertalings en 'n vertaalteks wat die gemeenskap nie kan verstaan nie tot gevolg het. Soms word die oorspronklike teks so verdraai dat die fundamentele oordrag van die boodskap indieslagbly. Wanneer die vertaler 'n gemeenskapstekes vertaal of van 'n gemeenskapsvertaalbenadering (GVB) gebruik maak, behoort dit te geskied aan die hand van bepaalde standaarde of maatstawwe, naamlik die eiesoortige norme vir 'n gemeenskapstekes.

In die lig van bostaande probleem wil hierdie artikel vanuit 'n funksionalistiese vertaalmodel 'n analise van enkele teksgedeeltes gee en ook die noodsaaklikheid van norme binne gemeenskapsvertaling (GV) uitstippel, met die uiteindelijke doel om 'n kommunikatief doeltreffende vertaalteks te skep. Benewens die funksionalistiese model word daar ook gesteun op die werk wat binne die beskrywende vertaalkunde oor norme gedoen is.

Uit die onderstaande bespreking van hierdie norme blyk dit dat die ontvanger van die teks sentraal staan. Om insae in die wese van

GV te kry, word enkele teksgedeeltes ter illustrasie van die norme met mekaar vergelyk om hulle kommunikatiewe doeltreffendheid al dan nie te illustreer. Die tekspare (tekste 1(a)(i) tot 1(c)(ii)) (vgl Ad-dendum) is telkens duidelik op onderskeibare teikengroepe gerig. Tydens die teksontleding is daar rekening gehou met die feit dat 'n vertaling nooit volkome objektief is nie, maar dat daar eerder 'n groot mate van subjektiwiteit by die vertaler aanwesig is tydens die skep van sy vertaalteks. Daarbenewens is dit onmoontlik om 'n leser se reaksie op 'n vertaalteks empiries te bepaal. Voorts oefen die opdraggewer se riglyne by die opstel van die vertaalteks 'n prominente invloed op die vertaler uit. Die bronteks (BT) en DT is egter ongeag hierdie beperkings steeds met mekaar vergelyk.

1. Teoretiese model

Hierdie artikel neem die funksionalistiese model as vertrekpunt. Hierdie benadering gaan van die veronderstelling uit dat vorm- en betekenis-sistematiek, kommunikatiewe funksies en die gebruikskonteks van taal met mekaar verweef is. Reiss & Vermeer (1984), Vermeer (1986) en Nord (1991a, 1991b, 1992 & 1993) gee groter erkenning aan die funksionele aspekte van taal binne die vertaalhandeling, terwyl Snell-Hornby (1988) se werk in hierdie verband uitloop op die sogenaamde *Neuorientierung*, wat die funksionele aspekte van taal sentraal plaas.

Die funksionalistiese benadering behels dat tekste nie as geïsoleerde taaluitings gesien word nie, maar eerder as 'n onderdeel van die sosiokultuur waarbinne dit tot stand kom. Vertaling is dus nie 'n linguistiese proses waarin woorde en sinne van een linguistiese kode na 'n ander oorgedra word nie, maar eerder 'n kommunikatiewe handeling waar die funksie van die teks in die doelkultuur sentraal staan.

Binne die vertaalhandeling gaan dit oor die funksie wat die DT in die doelkultuur behoort te vervul, eerder as oor die BT se funksie. In die lig hiervan word vertaling as 'n prospektiewe handeling beskou. In die proses word die BT gerelativeer en dien dit nie meer as die uitsluitlike maatstaf om die waarde van die vertaalteks te bepaal nie. Die funksie wat die vertaalteks in die doelkultuur vervul, bepaal

welke aspek van die BT in die vertaling oorgedra behoort te word en op watter wyse dit sal geskied. Die funksie word gerig deur die leser(s) van die DT se identiteit en dien as maatstaf vir enige besluit wat tydens die vertaalproses geneem word. Hierdie beoogde funksie van die DT, soos bepaal deur die behoefte van die inisieerder, behoort nie geringgeskat te word nie. Binne hierdie model beteken dit dat ekwivalensie tussen die BT en DT nie soseer op woorde of grammatikale konstruksies berus nie, maar eerder op die funksie(s) van die teks binne 'n kommunikatiewe situasie.

Om die beoogde funksie te verwesenlik behels onder meer dat die inisiële norm (Toury 1980, 1985 & 1995) waaraan vertalers hul onderwerp, DT-gerig behoort te wees. Binne hierdie funksionalistiese model lê Nord (1991a: 28-30 & 1991b: 93-4) en Walker *et al* (1995: 107) besondere klem op die begrip lojaliteit. 'n Hegte verwantskap waarbinne die BT "herskep" word tot ten minste 'n deel van sy oorspronklike invloed, word in die vooruitsig gestel. Hierdie herskepping geskied nie bloot op grond van oppervlakkwaliteite nie. Lojaliteit binne hierdie konteks bepaal dat indien die vertaler van die DT van die BT afwyk, dit in terme van die funksionaliteit van die DT verdedigbaar moet wees.

Toury (1980, 1985 & 1995) sien die vertaalwetenskap as 'n akademiese dissipline met drie vertakkings, naamlik die vertaalteorie, beskrywende vertaalwetenskap en toegepaste vertaalkunde. Volgens Toury behoort die vertaalwetenskap hom nie besig te hou met ideale, niebestaande vertalings nie, maar eerder met bestaande vertaaltekste, met ander woorde tekste wat hulleself as vertaaltekste voordoen en die gevolg is van die daad van vertaling.

Die ontdekkingsprosedure in Toury se beskrywende vertaalraamwerk behels dat daar vanaf die direk waarneembare, dit wil sê die bestaande teks in die doeltaal, gewerk word. Laasgenoemde word geïdentifiseer en gevolglik benader met die veronderstelling dat dit 'n vertaling is. Die empiries-waarneembare is die vertrekpunt om die nie-waarneembare te rekonstrueer, ten einde die vertaalnorme wat die vertaalproses gerig het asook die ekwivalensiepostulaat te identifiseer.

Hierdie artikel put hoofsaaklik uit die funksionalistiese model, maar ook uit die beskrywende vertaalkunde deurdat die vertaalnorme soos deur Toury voorgestel, gebruik word. Die norme word gevolglik vanuit 'n lesergerigte benadering geïnterpreteer en word aan die hand van gepaste teksgedeeltes bespreek.

2. Bespreking na aanleiding van tekspare

Indien die tekspare 1(a), (b) en (c) in die Addendum ten opsigte van hulle doelgerigtheid vergelyk word, spreek die teleologiese aard van die skryfproses en die feit dat vertaling 'n prospektiewe handeling is baie duidelik. Elke (vertaalde) teks is op 'n bepaalde teikenmark gerig. Teks 1(a) is 'n teksgedeelte van die SA Skolewet soos in die *Staatskoerant* vervat, en is onder meer vir politici, direkteure in die onderwysadministrasie en regsgeleerdes geskryf. Dit is dus 'n teks wat regstegnies korrek moet wees en in 'n hof getoets kan word. Teks 1(b) is minder tegnies en word meer toeganklik aangebied. Dit is 'n vereenvoudiging/eksplisering van teks 1(a), met onder meer skoolhoofde, onderwysers en diegene wat op 'n algemener vlak met die onderwysadministrasie te doen kry as die teikenmark. Teks 1(c) is 'n meer vereenvoudigde weergawe van die oorspronklike BT en is gerig op die gemeenskap (ook leerders se ouers).

Twee soorte vertaalprosesse speel in tekspare 1(a), (b) en (c) af, naamlik intratalige en intertalige vertaling. Tekste 1(b)(i) en 1(c)(i) is voorbeelde van intratalige GV, waar die oorspronklike teks, 1(a)(i), vereenvoudig is. Daarenteen kan tekste 1(b)(ii) en 1(c)(ii) as voorbeelde van intertalige GV beskou word. Tydens die vertaling van tekste 1(b)(ii) en 1(c)(ii) kan die vertaler na die oorspronklike BT teruggaan om 'n gemeenskapsvertaalteks te skep.

Indien tekste 1(a)(i) en (ii), 1(b)(i) en (ii) en 1(c)(i) en (ii) vergelyk word, blyk dit dat daar verskeie soorte vertalings is. By 1(a)(ii) het ons te make met 'n parallelle niegemeenskapsvertaling; by 1(b)(ii) is daar sprake van 'n GVB aangesien die teikenmark by 1(b)(ii) uiteraard nie deel van die gemeenskap is nie; in 1(c)(ii) is daar sprake van GV waar talig minder ingeligtes die teikenmark is. Tydens die skep van teks 1(c)(i) is daar van intratalige GV gebruik gemaak deur-

dat die teks nog steeds in die brontaal (Engels) voorkom. 'n Parallele GV is waarskynlik vanaf die BT, 1(c)(i), uitgevoer. Dit is ook teoreties moontlik dat 'n nieparallele GV uitgevoer kon word van teks 1(a)(i) na teks 1(c)(ii).

3. Norme vir gemeenskapsvertaling

Die ontologiese basis vir die postulering van die voorgestelde norme is gegrond op 'n besinning oor die wese van GV; die aard van gemeenskapstekste; die riglyne wat in dokumente van vertaalinstansies en deur opdraggewers aangedui word; en dit wat in wetenskaplike besinnings oor vertaling gepresiseer is.¹ Voorts dien Toury (1980, 1985 & 1995) se indeling en hantering van vertaalnorme as vertrekpunt vir die bespreking van norme vir GV.

3.1 Die inisiële norm vir GV

Die inisiële norm verwys na die vertaler se keuse tussen twee polêre moontlikhede waar die vertaler hom onderwerp aan óf die oorspronklike BT met sy tekstuele verhoudinge en die norme wat daarin uitgedruk en beliggaam is, óf die heersende linguistiese en gemeenskapsnorme van die DT en die doeltaalpolisissteeem, of 'n gedeelte daarvan. In ooreenstemming hiermee geld die volgende vir GV en geld dit ook vir die skep van 1(a)(ii), (b)(ii) en (c)(ii): Die gemeenskapsvertaler behoort hom te onderwerp aan die heersende linguistiese en gemeenskapsnorme van die doeltaal (DT) en die DT-polisissteeem of 'n gedeelte daarvan en nie aan dié van die brontaal (BT) nie. In die geval van teks 1(c)(ii) is hierdie norm des te meer belangrik aangesien dit 'n leservriendelike teks waarborg.

3.2 Die preliminêre norme vir GV

Preliminêre norme is vertaalnorme wat voor die vertaalproses self werkzaam is. Twee veranderlikes geld hier vir oorweging: die keuse van die soort werke wat vertaal word en die "direktheid" van die ver-

1 Die norme wat hier aangegee word maak geensins aanspraak op volledigheid nie. Slegs dié wat aan die hand van die aangehaalde teksgedeeltes belig kan word, word vermeld.

taling. In die onderhawige geval is die BT vir vertaling tekste wat op die gemeenskap gerig is of waarop 'n GVB toegepas word ten einde 'n inklusiewe vertaalteks te skep. Ten opsigte van ons plaaslike situasie geld die volgende norm: Enige gemeenskapsteks wat sedert die vroeë 1990's vertaal word, moet binne die heersende Suid-Afrikaanse politieke klimaat, wat geskoei is op deursigtigheid en deelnemende demokrasie, in ooreenstemming met die teleologiese aard van die vertaalproses 'n toeganklike vertaalteks wees ten einde 'n breër tekenmark aan te spreek sodat die leser bemagtig kan word en doeltreffende kommunikasie gewaarborg word.² Benewens hierdie maatstaf kom House (1981: 194) se onderskeid tussen 'n koverte en overte vertaling nuttig te pas, naamlik: Moenie vermeld dat die teks 'n vertaling is nie, maar sien toe dat die DT eerder as 'n verskuilde/koverte vertaling voordoen (House 1981: 194). Die vertaalteks moet dus as 'n tweede oorspronklike dien.

3.3 Die operasionele norme vir GV

Aangesien operasionele norme die vertaler in sy besluite tydens die vertaalproses lei, is dit nodig dat hierdie norme met die karakter van die 'gemeenskap' ooreenstem. So byvoorbeeld behoort lae vlakke van geskooltheid in die gemeenskap die vertaler te lei om die norm van eenvoudige taalgebruik te aanvaar. Die onderliggende beginsel by operasionele norme is toeganklike taalgebruik. Die operasionele norme vereis dus dat 'n balans tussen taalpurisme en betekenisvolle innovasies gehandhaaf word.

3.4 Enkoderingsnorme

Die volgende aanhalings uit die tekste illustreer dat daar 'n vereenvoudiging van BT 1(a)(i) is indien dit met DT 1(b)(ii) en DT 1(c)(ii) vergelyk word:

BT 1(a)(i) r. 1-5: "Subject to *this Act*, the membership of the *governing body* of an ordinary *public school* comprises -"

- 2 Hierdie norm is in ooreenstemming met die politieke norm soos binne die huidige politieke bestel gedikteer wat gegrond is op deursigtigheid, deelnemende demokrasie en die nosie van ingeligte besluitneming of toestemming.

DT 1(a)(ii) r. 1-6: "Behoudens *hierdie Wet*, bestaan die lidmaatskap van 'n *beheerliggaam* van 'n gewone *openbare skool* uit -"

DT 1(b)(ii) r. 1-4: "Die *beheerliggaam* van 'n gewone openbare skool bestaan uit drie groepe mense."

DT 1(c)(ii) r. 1-3: "Drie groepe word in 'n *beheerliggaam* verteenwoordig."

Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat minder relevante inligting weggelaat mag word, maar dat die essensie van die BT in die DT behoue moet bly. Die vereenvoudiging van die betrokke teks berus dus op die weglating van perifere inligting (Fine 1995: 6-8, Lesch 1999). Die register van teks 1(a)(ii) gaan verlore in tekste 1(b)(ii) en 1(c)(ii). In laasgenoemde teks is daar eerder 'n poging om die wetlike taal as gewone taal te herskryf, met behoud van presisie. Daar word onder meer van weglatings gebruik gemaak, byvoorbeeld behoudens hierdie wet. Groter eenhede met minder betekenis vir die gemeenskap word in tekste 1(c)(i) en (ii) weggelaat. Die volgende teksgedeeltes van die DT 1(a)(ii) word nie in tekste (c) weergee nie:

Teks 1(a)(ii): "(4) 'n Verteenwoordigende raad van *leerders* bedoel in artikel 11(1) moet 'n *leerder* of *leerders* bedoel in subartikel (2)(d) verkies."

Teks 1(a)(ii): "(5) Die *beheerliggaam* van 'n gewone *openbare skool* wat onderwys verskaf aan *leerders* met spesiale onderwysbehoefes moet, waar moontlik, 'n persoon of persone koöpteer met kundigheid ten aansien van die spesiale onderwysbehoefes van sodanige *leerders*."

Teks 1(a)(ii): "(7) Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* beoog in artikel 14 kan die eienaar van die eiendom waarop die *skool* gevestig is of die genomineerde verteenwoordiger van sodanige eienaar koöpteer."

Die weglating van die teksgedeeltes in tekste 1(c)(i) en (ii) raak nie die doeltreffende oordrag van die boodskap vir die bepaalde teikenmark nie en doen geen afbreuk aan die doeltreffendheid van die vertaalteks nie. Die doelgerigtheid van die vertaalproses kom eerder daardeur tot sy reg.

In my soeke na die onderliggende gemeenskaplikheid tussen gemeenskaps- (vertaalde) tekste blyk dit dat die leser betrek moet word deur hom direk aan te spreek of deur vrae te stel. Die lees van die vertaalteks behoort deur die potensiële leser as 'n aktiewe handeling ervaar te word (Fine 1995: 23).

In teks 1(b)(ii) word daar gepoog om die leser te betrek deur middel van vraagstelling: *Wie is die lede van die beheerliggaam?* In die oorspronklike BT en sy parallelle vertaling is dit egter nie die geval nie. Dit word bevestig deur die volgende teksgedeeltes:

BT 1(a)(i): "Membership of governing body of ordinary public school"

DT 1(a)(i): "Lidmaatskap van beheerliggaam van gewone openbare skool"

Die volgende voorbeeld word aangehaal uit 'n tipiese gemeenskapstek wat by openbare vervoerstaanplekke versprei word. Die aanvangsvraag lui:

BT: Who is modalink?³

DT: Wie is modalink?

Hierdie vraag is 'n poging om die leser se nuuskierigheid te prikkel, en die eerste paragraaf bied 'n antwoord op hierdie vraag. Insgelyks is beide die BT en DT onderverdeel in subhofies — 'n nuttige tegniek wat die teks meer leservriendelik maak deur die leser deur elke paragraaf te lei. Dit kan dus waarskynlik in die taxi of bus gelees word, en die leser kan relatief maklik agterkom waaroor die teks handel. Die ingeligte leser kan vluglees om onmiddellik agter te kom wat die kern van elke paragraaf is, en kan gevolglik selektief lees.

Die direkte aanspreek van die leser is inderdaad 'n pluspunt in gemeenskapsvertaling kom. Tydens my ondersoek het ek die volgende voorbeeld (in 'n munisipale dokument) gevind wat steurend voordoën:

BT: Dear Resident

DT: Geagte Inwoner

Alhoewel dit 'n poging is om die leser (inwoner) direk aan te spreek en dit 'n gemoedelike teks is, is daar 'n diskrepansie. Soos reeds vermeld, is direkte aanspreking 'n uitstekende tegniek om die leser by die leeshandeling te betrek, maar hierdie DT-aanhef is 'n formele aanspreekvorm. Die BT-item (*Dear*) is geskik vir beide formele en informele situasies; die DT-item (*Geagte*) word egter slegs in 'n formele

3 *Modalink Indaba*, uitgegee deur Modalink Public Transport Users' Forum.

situasie gebruik. Hierdie aanspreekvorme bevestig die magswanbalans binne die teks. Die diensverskaffer (munisipaliteit) behou sy afstand en gemeenskaplikheid word op die agtergrond geplaas. Hierdie afsydigheid is ook te bespeur in die herhaaldelike gebruik van die woord *u* in die teks. Die informaliteit en gemeenskaplikheid van die taalgebruik gaan dus verlore. *Jy* en *u* kan binne hierdie konteks as kognitiewe sinonieme beskou word; beide kan as vertaalekwivalente vir *you* dien, afhangend van die konteks. Toegegee, die stereotipiese verhouding tussen die munisipaliteit en die inwoners is nieparallel, met die munisipaliteit wat die botoon voer; die tipiese houding van die belastingbetalers teenoor die munisipaliteit is redelik negatief. Vanuit 'n kommunikatiewe en lesergerigte perspektief beskou, behoort hierdie teks 'n informeler karakter aan te neem.

Voorts toon 'n vergelykende ondersoek dat daar op die oog af bepaalde verskuiwinge tussen die tekste is. 'n Nadere ondersoek tussen die DTe toon egter dat daar eenvormigheid is in die wyse waarop hierdie ooglopende distorsies voorkom:

BT 1 (a)(i): "2 b) *educators* at the *school*;"

DT 1 (a)(ii): "2 b) *opvoeders* by die *skool*"

DT 1 (b)(ii): "Opvoeders (onderwysers) by die skool"

In laasgenoemde teksgedeelte is daar 'n kognitiewe sinoniem vir 'n leksikale item met 'n laer gebruiksfrekwensie. Dit werk begrip in die hand.

BT 1 (a)(i): "2 c) members of staff at the *school* who are not *educators*;"

DT 1 (a)(ii): "2 c) personeellede by die *skool* wat nie *opvoeders* is nie;"

DT 1 (b)(ii): "Lede van die personeel by die skool wat nie opvoeders is nie (soos die sekretariële personeel en diegene wat in die skool se tuin werk)."

DT 1 (c)(ii): "Personeellede wat nie opvoeders is nie, byvoorbeeld sekretaresses en tuiniers."

In laasgenoemde twee DT-gedeeltes word voorbeelde gegee ter eksplisiering van personeellede wat nie opvoeders is nie, maar wel by 'n skool werk en gevolglik op die beheerliggaam kan dien.

Slotparagraaf van 1(a)(i):

“The number of parent members must comprise one more than the combined total of the other members of a governing body who have voting rights.”

Slotparagraaf van 1(b)(ii):

Die Skolewet verklaar dat daar een meer ouer in u beheerliggaam moet wees as die gesamentlike totaal van die ander lede wat stemreg het. Met ander woorde, die aantal ouers in u beheerliggaam moet een meer wees as die helfte van alle lede wat stemgeregtig is.

Deur middel van die frase *met ander woorde* word dieselfde inligting anders gestel sodat dit meer bevatlik vir die DT-leser kan wees. Op grond van bostaande aanhalings kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: ekspliseer BT-inligting in die DT deur byvoorbeeld gebruik te maak van frases soos *met ander woorde* en dit wil sê en deur byvoegings of voorbeelde te verskaf. Deur uiting aan hierdie norm te gee, word bepaalde inligting gekonkretiseer en spreek die teks duideliker tot die leser.

3.5 Teksuitlegnorme

Die teksuitleg skakel geredelik met die teikengroep se taalvaardigheid. Die volgende voorbeeld dien ter illustrasie:

BT 1(a)(i): “23 (1) Subject to *this Act*, the membership of the *governing body* of an ordinary *public school* comprises -

- a) elected members;
- b) the principal, in his official capacity;
- c) co-opted members.”

DT 1(c)(ii): “Drie groepe word in ’n beheerliggaam verteenwoordig: verkose lede, die skoolhoof en gekoöpteerde lede.”

Die aanbeveling in hierdie verband is dat die inhoud van die BT op ’n eenvoudige wyse weergegee word. Kort sinne is makliker verstaanbaar, maar kan in sommige gevalle ook problematies wees indien die leser na die verband met ’n voorafgaande sin moet soek. In ’n regs konteks kan die bedoeling weer makliker begryp word indien die hele idee binne ’n enkele sin weergegee word. In die lig hiervan kom ek tot die gevolgtrekking dat daar van paragraafrelief gebruik

gemaak moet word om die DT bevatliker vir die doeltekslesers te maak (Whithers-Lancashire 1995: 37-50). Paragraafreliëf behels dat een lang sin in kleiner gedeeltes opgebreek word.

Om groter koherensie in die vertaalteks te verkry (cf ook Toury [1980: 54, 102] se idee van manipulasie van segmentasie) maak dit sin om van die inligting te sinchroniseer en te herorganiseer. Tekste 1(c) (i) en (ii) toon 'n herorganisering van die oorspronklike BT-materiaal — vergelyk in hierdie verband klousules 23(1) en (2). Die herorganisering gaan gepaard met die groepering van relevante inligting. So groepeer paragraaf 4 in teks (c) alle materiaal rakende die *ouers*; paragraaf 5 sentreer rondom die *gekoöpteerde lede* en paragraaf 6 rondom die presiese *aantal lede* van die beheerliggaam. In teks 1(b)(i) en 1(b)(ii) kom laasgenoemde groepering meer eksplisiet na vore deurdat subhofies gebruik word: *Wie is die beheerliggaam?*, *Verkose lede*, *Gekoöpteerde lede*, *Ouers vorm die meerderheid van die beheerliggaam*. Deur hierdie groepering word die leser se aandag op 'n spesifieke onderwerp binne elke paragraaf gefokus. Hierdie subhofies wat in tekste 1(b)(i) en (ii) gebruik word, is uiters funksioneel. Die gebruik van subhofies in gemeenskapsvertaling om die lees van die gesinchroniseerde inligting te vergemaklik, word aanbeveel. Dit maak die teks “ligter” en stel die leser in staat om onmiddellik 'n idee te vorm van die fokus van die paragraaf of paragraawe wat daarop volg.

4. Slotopmerkings

Omdat vertaling 'n uitgebreide kommunikasieproses is, geld die reëls, norme en konvensies van kommunikasie in die breë (byvoorbeeld grammatikareëls, stilistiese norme, tekstipe of taalhandelingskonvensies) ook hier. Benewens die gewone kommunikasienorme wat van toepassing is, is daar ook spesifieke vertaalnorme wat tydens die vertaalproses geld.

Die heersende norme vir teksskepping geld ook wanneer 'n vertaalteks geskep word: kohesie (die wyse waarop die leksikale en sintaktiese elemente van 'n teks saamsmelt om onderlinge samehang en sintaktiese binding moontlik te maak), duidelikheid (die formulering van sinne op so 'n wyse dat semantiese onduidelikhede, soos

dubbelsinnigheid en teenstrydigheid, vermy word), saaklikheid (die oordrag van die verlangde inligting sonder omslagtigheid) en korrektheid (die nakom van konvensies soos spelling, interpunksie, registerkeuse en idioomgebruik). Die uniekheid van GV vereis egter dat daar ook spesifieke norme geld waaraan die gemeenskapsvertaler hom moet onderwerp. Hierdie idee is gegrond op die standpunt dat gemeenskapstaalgebruik 'n realiteit en 'n geldige taalgebruikskode is. Taalpuristiese norme geld nie noodwendig vir laasgenoemde kode nie, en betekenisvolle innovasies is toelaatbaar.

Tydens die skep van sy vertaalteks behoort die vertaler as teologiese doelwit te hê om 'n leservriendelike vertaalteks te skep wat op die teikenmark gerig is. Die wese van GV is immers op die gemeenskap ingestel, met die implikasie dat toeganklike taalgebruik die oorkoepelende norm behoort te wees. Indien ons van die veronderstelling uitgaan dat toeganklikheid en aanvaarbaarheid van die DT as voorvereistes gestel word om doeltreffende kommunikasie te waarborg, beteken dit dat bepaalde operasionele norme behoort te geld ten einde die oorkoepelende doelwit te verwesenlik.

Addendum

Teks 1(a)

(i)
Membership of governing body of ordinary public school

23(1) Subject to this Act, the membership of the governing body of an ordinary public school comprises-

- a) elected members;
- b) the principal, in his official capacity;
- c) co-opted members.

(2) Elected members of the governing body shall comprise a member or members of each of the following categories:

- a) Parents of learners at the school;
- b) educators at the school;
- c) members of staff at the school who are not educators; and
- d) learners in the eighth grade or higher at the school.

(3) A parent who is employed at the school may not represent parents on the governing body in terms of subsection (2)(a).

(4) The representative council of learners referred to in section 11(1) must elect the learner or learners referred to in subsection (2)(d).

(5) The governing body of an ordinary public school which provides education to learners with special needs must, where practically possible, co-opt a person or persons with expertise regarding the special education needs of such learners.

(6) A governing body may co-opt a member or members of the community to assist it in discharging its functions.

(ii)

Lidmaatskap van beheerliggaam van gewone openbare skool

23(1) Behoudens hierdie Wet, bestaan die lidmaatskap van 'n beheerliggaam van 'n gewone openbare skool uit-

- a) verkose lede;
- b) die prinsipaal, in sy of haar amptelike hoedanigheid; en
- c) gekoöpteerde lede.

(2) Verkose lede van die beheerliggaam bestaan uit 'n lid of lede van elk van die volgende kategorieë:

- a) Ouers van leerders op skool;
- b) opvoeders by die skool;
- c) personeellede by die skool wat nie opvoeders is nie;
- d) leerders in die agste graad of hoër by die skool.

(3) 'n Ouer wat by die skool in diens is, kan nie ingevolge subartikel (2)(a) ouers op die beheerliggaam verteenwoordig nie.

(4) 'n Verteenwoordigende raad van leerders bedoel in artikel 11(1) moet 'n leerder of leerders bedoel in subartikel (2)(d) verkies.

(5) Die beheerliggaam van 'n gewone openbare skool wat onderwys verskaf aan leerders met spesiale onderwysbehoefes moet, waar moontlik, 'n persoon of persone koöpteer met kundigheid ten aansien van die spesiale onderwysbehoefes van sodanige leerders.

(6) 'n Beheerliggaam kan 'n lid of lede van die gemeenskap koöpteer om behulpzaam te wees met die verrigting van sy werksaamhede.

(7) The governing body of a public school contemplated in section 14 may co-opt the owner of the property occupied by the school or the nominated representative of such owner.

(8) Co-opted members do not have voting rights on the governing body.

(9) The number of parent members must comprise one more than the combined total of the other members of a governing body who have voting rights.

(*Government Gazette* no 17579, 1996: 18)

Text 1(b)(i)

Who are the members of a governing body?

The governing body of an ordinary public school is made up of three groups of people:

- Members who are elected
- The school principal
- Members who are co-opted but not elected. They are people from the community who are invited by a governing body to assist it in fulfilling its functions

Elected members

The members who are elected must consist of:

- Parents of learners at the school, excluding parents employed at that school
- Educators (teachers) at the school
- Members of staff at the school who are not educators (such as the secretarial staff and those who work in the school garden)
- Learners at the school who are in grade eight or a higher grade

(7) Die beheerliggaam van 'n openbare skool beoog in artikel 14 kan die eienaar van die eiendom waarop die skool gevestig is of die genomineerde verteenwoordiger van sodanige eienaar koöpteer.

(8) Gekoöpteerde lede het nie stemreg op die beheerliggaam nie.

(9) Die aantal ouerlede moet een meer as die gesamentlike totaal van die ander lede van die beheerliggaam wat stemreg het, uitmaak.

(*Staatskoerant* no 17579, 1996: 19)

Teks (ii)

Wie is die lede van die beheerliggaam?

Die beheerliggaam van 'n gewone openbare skool bestaan uit drie groepe mense:

- Lede wat verkies is
- Die skool se prinsipaal
- Lede wat gekoöpteer is maar nie verkies is nie. Hulle is mense uit die gemeenskap wat deur 'n beheerliggaam genooi word om hom te help om sy werksaamhede te verrig

Verkose lede

Die lede wat verkies is, moet uit die volgende bestaan:

- Ouers van leerders van die skool, uitgesonder ouers wat by die skool in diens is
- Opvoeders (onderwysers) by die skool
- Lede van die personeel by die skool wat nie opvoeders is nie (soos die sekretariële personeel en diegene wat in die skool se tuin werk)
- Leerders by die skool wat in graad agt of 'n hoër graad is

Co-opted members

In addition to the members who are elected or voted onto your governing body, your governing body may also ask other members of the community to become members. Such members are called co-opted members. Co-opted members are there to assist your governing body with its functions but they do not have the right to vote. If your school is situated on private property, its governing body may also co-opt the owner of such property, or a representative of the owner.

Parents form a majority on your governing body

The Schools Act states that there must be one more parent on your governing body than the combined total of the members with voting rights. In other words, the number of parents on your governing body must be one more than half of all the members who may vote. Only a parent who is not employed at the school may be the chairperson of your governing body. All the members of your governing body may vote except for the co-opted members.

(Understanding the SA Schools Act, 1997: 24-5)

Text (c)(i)

Membership of a governing body

Three groups are represented on a governing body: elected members, the school principal, and co-opted members.

Elected members

- Parents of learners at the school.
- Educators at the school.
- Staff members who are not educators, such as secretaries and gardeners.

Gekoöpteerde lede

Benewens die lede wat verkies is om lede van u beheerliggaam te wees, kan u beheerliggaam ook ander lede van die gemeenskap vra om lede te word. Sulke lede word gekoöpteerde lede genoem. Gekoöpteerde lede is daar om u beheerliggaam met sy werksaamhede by te staan, maar hulle is nie stemgeregtig nie. Indien u skool op private eiendom geleë is, kan sy beheerliggaam ook die eienaar van daardie eiendom of 'n verteenwoordiger van die eienaar koopteer.

Ouers vorm 'n meerderheid van die beheerliggaam

Die Skolewet verklaar dat daar een meer ouer in u beheerliggaam moet wees as die gesamentlike totaal van die ander lede wat stemreg het. Met ander woorde, die aantal ouers in u beheerliggaam moet een meer wees as die helfte van alle lede wat stemgeregtig is. Net 'n ouer wat nie by die skool in diens is nie, mag voorsitter van u beheerliggaam wees. Al die lede van u beheerliggaam het stemreg, behalwe die gekoöpteerde lede.

'n Handleiding by die SA Skolewet, 1997: 24-5)

Teks (ii)

Lidmaatskap van beheerliggame

Drie groepe word in 'n beheerliggaam verteenwoordig: verkose lede, die skoolhoof en gekoöpteerde lede.

Verkose lede

- Ouers van leerders by die skool.
- Opvoeders by die skool.
- Personeelle wat nie opvoeders is nie, byvoorbeeld sekretaresses en tuiniers.

- Learners at the school who are in grade eight or above.

School principal

Co-opted members (optional)

- Members of the community.
- Owner of the school property or his or her representative, if the property is privately owned.

The School Act stipulates that the number of parents on any governing body must be one more than half of all the members who may vote. Parents who are employed at the school cannot represent parents on a governing body.

Co-opted members are optional, and are there to help the governing body with its functions. They don't have the right to vote. Learners on the governing body must be elected by the representative council of learners.

The exact number of members on a governing body will vary from one school to another. Provincial education authorities will inform schools in every province of the exact composition of the governing body of each school.

(The Schools Act made easy, April-May 1997: 4)

- Leerders in die agtste graad of hoër by die skool.

Skoolhoof

Gekoöpteerde lede (opsioneel)

- Lede van die gemeenskap.
- Eienaar van die skoleiendom, of sy of haar verteenwoordiger indien die eiendom private eiendom is.

Volgens die Skolewet moet daar een meer ouer wees as die helfte van die ander lede van 'n beheerliggaam wat stemreg het. 'n Ouer wat by 'n skool werksaam is, mag nie 'n ouerverteenwoordiger in 'n beheerliggaam wees nie.

Gekoöpteerde lede is opsioneel en is daar om die beheerliggaam met sy werksaamhede te help. Hulle het nie stemreg nie. Leerders in die beheerliggaam moet deur die verteenwoordigende raad van leerders verkies word.

Die presiese aantal lede in 'n beheerliggaam sal van skool tot skool verskil. Provinsiale onderwysowerhede sal die skole in elke provinsie in kennis stel van die presiese samestelling van die beheerliggaam van elke skool.

(Die SA Skolewet vir 'n ieder en 'n elk, April-Mei 1997: 4)

Bibliografie

BARTSCH R

1987. *Norms of language: theoretical and practical aspects*. London: Longman.

BOTHA R P, M SINCLAIR &

W WINCKLER (reds)

1992. *Taalwetenskap vir die taal-professies, B*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

CARSTENS W A M

1991. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Academica.

2003. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

1997. *Die SA Skolewet vir 'n ieder en 'n elk*. Pretoria: Dept van Onderwys: Staatskoerant.

DEPARTMENT OF EDUCATION (DoE)

1997. *The SA Schools Act made easy*. Pretoria: Dept van Onderwys: Staatskoerant.

DOLLERUP C

2001. The language scene in South Africa. *Language International* (Amsterdam) 13(1), 34 col 1-30 col 3.

DOLLERUP C & A LODDEGAARD (eds)

1992. *Teaching translation and interpreting. Training, talent and experience*. Amsterdam: John Benjamins.

FINE D

1995. *How to use plain language*. Cape Town: University of Cape town Legal Education Project (LEAP).

FOURIE J

2003. The quality of translation regarding medical research questionnaires. Unpubl MA dissertation, Dept of Afrikaans and Dutch. University of Stellenbosch.

HERMANS T (ed)

1985. *The manipulation of literature. Studies in literary translation*. New York: St Martin's Press.

HOUSE J

1981. *A model for translation quality assessment*. Tübingen: Gunter Narr.

JANG H-T

2000. Translation quality and the reader's response.
<<http://www.ntu.edu.au/education/~csle/student/jang/jang3.html>>

KROES G

1992. Die inhoud en plek van norme in die vertaalpraktyk, vertaalkunde vertaalkritiek en vertaalwetenskap. Botha *et al* (reds) 1992: 134-56.

LESCH H M

1992a. 'n Verkennde ondersoek na kognitiewe sinonieme op vertaalverskuiwings deur middel van 'n vergelyking tussen 'n bestaande vertaling van *The visits* (Rive R) en 'n swak-adekwate vertaling daarvan. Ongepubl MA-mini-skripsie, Dept Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch.

1992b. Die opstel van vertaalnorme n.a.v. die kortverhaal vertaalteks *Die Besoeke*. Dept Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch.

1992c. Die opstel van vertaalveralgemenings n.a.v. die kortverhaal vertaalteks *Die Besoeke*. Dept Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch.

1999. Gemeenskapsvertaling in Suid-Afrika: die konteks van die ontvanger as normeringsbeginsel. Ongepubl DLitt-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland.

2004. Societal factors and translation practice. *Perspectives: Studies in Translatology* 12:4. Britain, Multilingual Matters.

NORD C

1991a. *Text analysis in translation: theory, methodology and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Transl by C Nord & P Sparrow. Amsterdam: Rodopi.

1991b. Scopus, loyalty and translational conventions. *Target* 3(1): 91-109.

1992. Text analysis in translator training. Dollerup & Loddegaard (eds) 1992: 39-48.

1993. Translation as a process of linguistic and cultural adaptation. Dollerup & Loddegaard (eds) 1993: 56-67.

POTGIETER J M, P J VISSER,
A J VAN DER BANK, M S MOTHATA &
J M SQUELCH

1997. *Understanding the SA Schools Act*. Pretoria: Dept van Onderwys: 24-5.

1997. *'n Handleiding by die SA Skolewet*. Pretoria: Dept van Onderwys: 24-5.

REISS K & VERMEER H

1984. *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA)

1996. *Die Suid-Afrikaanse Skolewet*. Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 17579, 15 November 1996: 18-9.

SNELL-HORNBY M

1988. *Translation studies: an integrated approach*. Amsterdam: John Benjamins.

SNELL-HORNBY M (Hg)

1986. *Übersetzungswissenschaft
— eine Neuorientierung. Zur
Integrierung von Theorie und Praxis.*
Tübingen: Francke Verlag.

TOURY G

1980. *In search of a theory of
translation.* Tel Aviv: Tel Aviv
University, The Porter Institute
for Poetics and Semiotics.

1985. A rationale for descriptive
translation studies. Hermans (ed)
1985: 16-41.

1995. *Descriptive translation studies
and beyond.* Amsterdam: John
Benjamins.

VERMEER H J

1986. Übersetzen als kultureller
Transfer. Snell-Hornby (Hg)
1986: 30-53.

WALKER A K, A KRUGER &

I C ANDREWS

1995. Translation as transforma-
tion: a process of linguistic and
cultural adaptation. *Die Suid-
Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*
Supplement 26: 99-115.

WINCKLER W

1992. Appendix II: a draft glossary
of some fundamental concepts and
principles of Toury's approach to
translation studies. Dept Alge-
mene Taalwetenskap, Universiteit
Stellenbosch.

WITHERS-LANCASHIRE P J C

1995. Interpretasie en vertaling
van 'n regstek. Ongepubl MA-
thesis, Dept Linguistiek en Literêre
Teorie. Randse Afrikaanse Univer-
siteit, Johannesburg.